higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

NKR VLAK 2

(Tweede vraestel)

8 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

ALGEMEEN

1. Assesseer die skryfstukke volgens die aangeduide inhoud en formaat.

2. Inhoud word aangedui met (✓) en word nagesien volgens die gegewe situasie.

3. Formaat word aangedui met (X) en word negatief nagesien tot die aangeduide maksimum.

4. Gebruik die rubriek by elke nasienriglyn vir die beoordeling van taal en styl.

5. Indien 'n skryfstuk uit die vraestel saamgeflans of dele van opdragte uit vraestelle net so oorgeskryf word, sal die skryfstuk nie logies wees nie en die leerder ontvang dan geen punte nie. U kommentaar sal wees: Nie eie werk nie.

6. Indien die kandidaat die opdrag woord vir woord oorgeskryf het as 'Inhoud', word geen punte vir Inhoud of Taal/Styl toegeken nie.

7. By skryfstukke wat te lank is: Lees tot by die afsnypunt en skryf dan *lengte* ter verduideliking. By skryfstukke wat te kort is, penaliseer die kandidate hulself by die inhoud. Skryf weer die woord *lengte* ter verduideliking.

Die volgende simbole/tekens kan by die nasien van skryfstukke gebruik word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(…)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	=	Kort dubbelstreep onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter boaan die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbel skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	'n Sirkel

Kopiereg voorbehou

NEERSKRYF VAN PUNTE AFDELING A (30):

I	Inhoud	punt uit 13
F	Formaat	punt uit 10
T/S	Taal en styl	punt uit 7
		30

I	8
F	3
T/S	4
Totaal	**15/30**

OF

I	**F**	**T/S**	**Totaal**
10	**4**	**6**	**30**
8	3	4	15

NEERSKRYF VAN PUNTE AFDELING B (20):

I	Inhoud	punt uit 10
F	Formaat	punt uit 4
T/S	Taal en styl	punt uit 6
		20

I	8
F	3
T/S	4
Totaal	**15/20**

OF

I	**F**	**T/S**	**Totaal**
10	**4**	**6**	**20**
8	3	4	15

NEERSKRYF VAN PUNTE AFDELING C (10):

I	Inhoud	punt uit 5
F	Formaat	punt uit 2
T/S	Taal en styl	punt uit 3
		10

I	4
F	2
T/S	2
Totaal	**8/10**

OF

I	**F**	**T/S**	**Totaal**
5	**2**	**3**	**10**
4	2	2	8

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL: TAAL EN STYL – AFDELING A (30)

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80%+)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** is baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne is baie goed gebruik. Sinslengtes word deurentyd effektief afgewissel. **WOORDESKAT** is baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. **STYL, TOON EN REGISTER** is baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	6 Baie goed (70–79%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. **SINNE** is baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne is goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	5 Goed (60–69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. **SINNE** is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne is meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	4 Gemiddeld (50–59%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** is, ten spyte van foute, voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** is voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	3 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het **GRAMMATIKAAL** verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. **SINNE** is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid van soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. **WOORDESKAT** is beperk en nie baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. **STYL, TOON EN REGISTER** toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.
	2 Swak (30–39%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinig wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.
	0–1 Baie swak (0–29%)	**INHOUD** wemel grammatikaal van foute. Woord- en sinstrukture onverstaanbaar. **SINNE** is baie swak en plek-plek onverstaanbaar. **WOORDESKAT** benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat baie swak en onverstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** kom nie ooreen met onderwerp nie/nie van toepassing op onderwerp nie. Moeilik om te volg.

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL: TAAL EN STYL – AFDELING B (20)

TAAL EN STYL (6 PUNTE)	**6 Baie goed**	Goeie taalgebruik. Verskeie sinstipes en sinskonstruksies. Geen spelfoute. Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas. Uitgebreide en gevorderde woordeskat. Taal idiomaties korrek. Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens. Kommunikasie uiters effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom.
	4−5 Goed	Goeie taalgebruik. Verskeie sinstipes en sinskonstruksies. Min spelfoute. Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas. Uitgebreide en gevorderde woordeskat. Taal idiomaties korrek. Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens. Kommunikasie effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom.
	2−3 Gemiddeld	Taalgebruik is gemiddeld. Minder verskeidenheid sinstipes en -konstruksies. Lomp woord- en sinskonstruksie kom dikwels voor. Woordeskat is basies en woordbetekenis is nie altyd korrek nie. Dwaal soms van onderwerp af. Inhoud is vanselfsprekend; niks buitengewoons nie. Slaag nog om inhoud verstaanbaar te kommunikeer ten spyte van foute. Min gebruik van taalidioom; wel moedertaalinvloed.
	1 Swak	Taalgebruik is swak. Sukkel met basiese woord- en sinstrukture. Taal lomp, beperk en dikwels heel onverstaanbaar. Baie foute ten opsigte van sinsbou en woordgebruik. Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute. Gebruik Engelse woorde. Slaag nie daarin om boodskap oor te dra nie. Kommunikasie moontlik verstaanbaar omdat leser inlees.

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL: TAAL EN STYL – AFDELING C (10)

TAAL EN STYL (3 PUNTE)	**3 Goed (70%+)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** goed gekonstrueer/ saamgestel. Verskeie soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes goed afgewissel. **WOORDESKAT** is toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op onderwerp.
	2 Gemiddeld (50–69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** ten spyte van foute voldoende saamgestel/gekonstrueer. Verskeie soorte sinne voldoende. Sinslengtes voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Basiese woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	1 Swak (0–49%)	Teks **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinig wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 1: KLAGTEBRIEF

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (10)
✓ DUI INHOUD AAN (13)

X Sender se adres
X Stad
X Enige kode
X (reël oop ***)
X Enige datum
X ***
X Die Redakteur
X Naam van koerant
X Enige posbus
X Stad
X Poskode
X ***
X Geagte Meneer
X ***
X KLAGTE: BEROOF OP VAKANSIE! WAAR IS ONS WETSTOEPASSERS?
X ***

✓✓✓ Stel die probleem direk./Voer moontlike redes aan, bv. geen wetstoepassers sigbaar nie. Noem kortliks waar die sprokiesvakansie was.

✓✓✓ Stel jou saak duidelik en logies en staaf dit met bewyse. Noem die skade wat die ✓ diefstal aan jou en ander vakansiegangers berokken het, bv. die besittings waarvan julle beroof is/die trauma daaraan verbonde.

✓✓✓ Stel ingrypings voor wat jou tevrede sal stel, o.a. meer wetstoepassers sigbaar; ✓ gereelde polisiepatrollie; bewusmakingsprogramme oor die veiligheid van toeriste.

✓✓ Bevorder welwillendheid – bedank vir aandag wat aan jou klagte gegee gaan word.

***

X <u>Handtekening</u>
X NAAM IN HOOFLETTERS

FORMAAT (10)

X Word negatief nagesien
X Aangedui met **(X)**
X Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n **maksimum van 10 punte**.
X Dui fout aan met **X** in ANTWOORDBOEK.
X Engels, behalwe amptelike Engelse name, word nie aanvaar nie.
X Datum kan aan die linkerkant of regterkant wees.
X Geen leesteken in adres, aanhef of slot
X Reël oopgelaat tussen paragrawe

Die woord *straat* mag nou alleen geskryf word, bv. Wessels Straat/straat

Voorbeelde van adres:

Kerkstraat 12 Pleknaam Kode	Posbus 88 Pleknaam Kode	Huis 343 Pleknaam Kode	Plot 44 Pleknaam Kode	Debrahof Pleknaam Kode

INHOUD (13)

Punte word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓).
Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.

TAAL EN STYL (7)

- Gepaste styl, toon en register vir 'n formele brief
- Sien volgens die gegewe assesseringskaal na. **[30]**

OF

VRAAG 2: NAVRAAGBRIEF

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (10)
✓ DUI INHOUD AAN (13)

X Enige posbus
X Stad
X Kode

X (reël oop)***

OF X Enige datum

X***

X Die Bestuurder
X Naam van instansie
X Enige posbus
X Stad
X Poskode

X***

X Geagte Meneer/Mevrou

X***

X NAVRAAG: WANDELROETES EN KOSTES DAARAAN VERBONDE

X***

✓ Spreek welwillendheid uit – goeie resensies
✓ Doel van die staptoer
✓ Wie deel uitmaak van jul groep
✓ Al die nodige besonderhede
✓ Wanneer julle wil vertrek en terugkeer
✓ Toerusting wat studente benodig
✓✓ Soort slaapgeriewe
✓ Kostes daaraan verbonde
✓ Afstand en moeilikheidsgraad van die verskillende staproetes
✓✓ Veiligheidsmaatreëls wat in plek is
Bedank vir aandag wat aan die navraag gegee sal word.

X***

X Die uwe

X***

X Handtekening
X NAAM IN HOOFLETTERS

TAAL EN STYL (7)

- Gepaste styl, toon en register vir 'n formele brief
- Sien volgens die gegewe assesseringskaal na. **[30]**

OF

VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (10)
✓ DUI INHOUD AAN (13)

FORMAAT (10)

X Word negatief nagesien
X Aangedui met (X)
X Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n **maksimum van 10 punte**.
X Dui fout aan met **X** in ANTWOORDBOEK.
X Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word nie aanvaar nie.
X Reël oopgelaat tussen paragrawe.

X Opdrag en doel van die verslag
X Naam van die persoon/instansie wat opdrag gegee het
X Datum van die opdrag
X Die rede waarom die opdrag gegee is
X Datum waarop die ondersoek afgehandel moet wees
X Ondersoekmetodes, bv. vraelyste, onderhoude, persoonlike waarnemings, ens.
X Bevindings
X Gevolgtrekking
X Aanbevelings

INHOUD (13)

✓ Punte word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓).
✓ Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.

✓ Navorsing gemik op sportsoorte waaraan studente buite die kollege deelneem (opdrag)
✓ Die doel met die ondersoek – om sportsoorte wat op die kampus aangebied word te vermeerder.
✓ Die opdrag is deur die Sportbestuurspan van Bergsigkollege gegee op *datum*.
✓✓ Die ondersoek moet teen *datum* afgehandel wees.
✓ Die ondersoek is gedoen deur middel van persoonlike onderhoude met atlete,
✓ vraelyste wat deur atlete voltooi is en persoonlike waarnemings deur die
✓ navorser.
✓ Daar is bevind dat 'n groot aantal studente aan buiteklubs behoort aangesien
✓ hul sportsoort nie op die kampus aangebied word nie. Hieronder blyk muurbal
✓ en tafeltennis die populêrste te wees.
✓ Daar is 'n groot belangstelling vir muurbal en tafeltennis op die kampus. Studente word as gevolg hiervan genoodsaak om by buiteklubs aan te sluit wat duur is of selfs hul gunstelingsport te verbeur.
✓ Daar word aanbeveel dat daar voorsiening gemaak word vir die aanbied van muurbal en tafeltennis op die kampus

Kopiereg voorbehou

TAAL EN STYL: (7)

- Gepaste styl, toon en register vir 'n formele verslag
- Sien volgens die gegewe assesseringskaal na. **[30]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (80−100 woorde)

VRAAG 4: BESKRYWING

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (4)
✓ DUI INHOUD AAN (10)

FORMAAT (4)

X Inleidende sin wat die leser prikkel
X Liggaam – wat die feite gee oor die ervaring
X Slot – dui op betekenis van die ervaring
X Logiese samehang

INHOUD (10)

Jou beskrywing moet die volgende insluit:

✓ 'n Gepaste inleidende sin.
✓✓✓ Waar en wanneer het die ongeluk plaasgevind? Hoe het die ongeluk gebeur? Wie was almal betrokke by die ongeluk? Wie was verantwoordelik vir die ongeluk. Hoeveel mense is beseer?
✓✓✓ Jou gewaarwordinge en emosies wat jy met hierdie ervaring/vertelling beleef het.
✓✓ Hoe voel jy oor/na die ongeluk? Hoe het dit jou geaffekteer?
✓ 'n Gepaste slotsin (hoe dit jou geaffekteer het)

TAAL EN STYL (6)

- Verlede tyd
- Verbindingswoorde
- Volsinne
- Sien volgens gegewe assesseringskaal na. **[20]**

OF

VRAAG 5: INSTRUKSIES

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (4)
✓ DUI INHOUD AAN (10)

FORMAAT (4)

X Instruksies word in bevelvorm gegee.
X Instruksies word in die teenwoordige tyd geskryf.
X Instruksies volg logies opmekaar.
X Instruksies moet samehangend wees.
X Instruksies moet genommer wees of met kolpunte gelys word.

INHOUD (10)

EEN punt vir elke relevante instruksie.
Kandidate kan slegs 'n maksimum van 10 punte verdien.

WENKE

- Lig jou familie en vriende in oor jou situasie.✓
- Bespreek moontlike aanpassings wat jy in hierdie tydperk moet maak.✓
- Tree in verbinding met jou vakbond.✓
- Gaan jou kontrak na om te sien of die rede waarom jy ontslaan is, gedek word.✓
- Maak 'n afspraak met jou gewese werkgewer – vra vir verwysings.✓
- Kyk of jy vir werkloosheidsvoordele kwalifiseer.✓
- Kontak 'n finansiële adviseur.✓
- Open 'n spaarrekening.✓
- Belê jou skeidingspakket.✓
- Stuur onmiddellik jou CV uit na instansies.✓

TAAL EN STYL (6)

Sien volgens assesseringskaal na. **[20]**

OF

VRAAG 6: E-POS

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (4)
✓ DUI INHOUD AAN (10)

INHOUD (10)

AAN:	X Relevante e-posadres
ONDERWERP:	X Uitnodiging
BOODSKAP:	
INHOUD:	
✓	Bou welwillendheid – wees hoflik.
✓	Waarom jy dié persoon uitnooi
✓✓	Doel van die kospakkies
✓✓	Waar en wanneer die kospakkies voorberei en uitgedeel gaan word
✓	Waaruit die kospakkie bestaan
✓	Wie almal betrokke gaan wees
✓	Atmosfeer wat heers tydens die voorbereiding
	Noem die verskil wat dit aan die studente maak.
X	
X	Afsluiting
	Naam

TAAL EN STYL (6)

Sien volgens assesseringskaal na. **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: VISUELE TEKSTE (30−50 woorde)

VRAAG 7: DIALOOG

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (2)
✓ DUI INHOUD AAN (5)

Ma (*ernstig)*: (Raampie 1)	Seun, ons moet eers kyk of ons begroting dit sal toelaat.
Seun *(moedeloos)*: (Raampie 2)	Ma, jy het belowe dat ek saam met die kollege kan toer as daar so 'n geleentheid opduik.
Ma (kalm): (Raampie 3)	Ek kan nie net ja sê nie, ek moet dit eers met jou pa bespreek.

INHOUD (5)

✓✓ Spreekbeurte (raampies) moet aangedui word.
✓✓ Stemming/emosie moet aangedui word.
✓ Inhoud moet relevant wees.

FORMAAT (2)

X Formaat moet korrek volgens dialoogformaat wees.
X Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
X Daar moet 'n reël oopgelaat word na elke spreekbeurt.
X Dit word in die eerste persoon geskryf.

TAAL EN STYL (3)

- Gepaste styl, toon en register vir dialoog
- Kort, eenvoudige sinne
- Sien volgens die gegewe assesseringskaal na. **[10]**

OF

VRAAG 8: KLEIN ADVERTENSIE

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (2)
✓ DUI INHOUD AAN (5)

OP SOEK NA SAAMRYMAAT	Titel
30 km vanaf woonadres tot by Bloemendal TVET-Kollege	Waar?
➢ Motor betroubaar en word gereeld gediens ➢ Goeie bestuurder met sober gewoontes ➢ Koste maandeliks aangepas afhangende van die petrolprys ➢ Vasgestelde reistye	Wat?
Vir meer besonderhede kontak: ***Johan 072 346 7000 oor naweke tussen 09:00 en 18:00***	Wie?

FORMAAT (2)

X ABBA-beginsel toegepas (aandag, behoefte, begeerte, aksie)
X Raampie om
X Visuele impak – aantreklik/kreatief
X Gebruik van verskeie lettersoorte en -groottes
X Gepaste posisionering van teks

INHOUD (5)

Punte word toegeken vir inligting verskaf.
Die volgende moet daar wees:

✓ Toepaslike opskrif wat aandag trek
✓✓✓ Voordele: Gerieflik, betroubaar en veilig
✓ Kontakbesonderhede

TAAL EN STYL (3)

- Gepaste styl, toon en register
- Kort, eenvoudige sinne
- Sien volgens die gegewe assesseringskaal na. **[10]**

OF

VRAAG 9: PLAKKAAT

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (2)
✓ DUI INHOUD AAN (5)

BLOEMENDAL TVET-KOLLEGE

BIED AAN

SPORTBYEENKOMS

Saterdag 17 Mei 2025

PLEK: **Bloemendal TVET-Kollege Sportgronde**
TYD: **09:00 tot 17:00**
TOEGANG: **Gratis**

KOM DEEL IN DIE PRET!

Kosstalletjies vir jonk en oud

Vir meer besonderhede skakel: John: 082 394 9606
Gerda: 084 647 9093

FORMAAT (2)

X Opvallend, trek aandag
X Gepaste uitleg – raampie

INHOUD (5)

Punte word toegeken vir inligting verskaf (✓).
Die volgende moet daar wees:

✓ Soort byeenkoms
✓✓ Tyd, plek en toegang
✓ Aanbiedings
✓ Kontaknommer

TAAL EN STYL (3)

- Gepaste styl, toon en register
- Kort, eenvoudige sinne
- Sien volgens die assesseringskaal na. **[10]**

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 60

Kopiereg voorbehou